# Die verhouding prediking-belydenis in 'n post-moderne konteks: 'n `Huwelik' of `saamwoon'?

**T F J Dreyer**
**Departement Praktiese Teologie (Afd A)**
**Universiteit van Pretoria**

**Abstract**

**The relationship between preaching and confessions in a post-modern society: A 'marriage' or 'free love'?**

*This article attempts, within the tradition of the Reformation, to investigate the relationship between preaching and the confession of the church. Through the ages, this relationship altered from a spontaneous interaction to a formal, judicial contract. This role prescribed to the confession, of being a formal and dominating instrument with judicial authority, is no longer acceptable in a postmodern society. The study aims to establish the specific nature of the relationship and to seek means to organize it in a way that will accommodate the demands of our time, but in an orderly manner that will also benefit the proclamation of the gospel.*

## 1. INLEIDING

Die geskiedenis van die prediking in die Christelike kerk deur eeue heen, is 'n verhaal waarin die noulettende leser telkens 'n 'verhouding' bespeur. Hierdie 'verhouding' tussen die prediking en die kerklike belydenis het, veral vandat die vroegste belydenisse van die kerk in belydenisgeskrifte gestalte begin kry het, in meerdere of mindere mate sigbaar begin word. Na analogie van die verhouding van 'n man en vrou, kan die metafoor van die huwelik iets van die 'verhouding' van die prediking en die belydenis in die geskiedenis belig. Wat aanvanklik as 'n ligte flirtasie begin het, het mettertyd op 'n vaste 'liefdesverhouding' uitgeloop. 'n Huwelik wat hierdie 'verhouding' wetlik georden het, was onafwendbaar. 'n Wettige huwelik het verpligte bindinge gelê. Met die loop van tyd het hierdie 'verhouding' verstar en 'n blote formaliteit geword. Kinders is uit die huwelik gebore, eise en verpligtinge het groter geword. Die dienende 'verhouding' van liefde, toegeneëndheid en wedersydse hulpverlening het ontaard in die opeis van regte en 'n stryd om oorheersing. Die vrou het ouer geword



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

en haar skoonheid en bekoring vir haar man begin verloor. Flirtasies buite die huwelik met ander jonger en aantrekliker vroue het begin. Egbreuk is gepleeg, die man is gedagvaar vir 'n egskeiding, wetlike regte is afgedwing, wedersydse beskuldigings is geslinger. Die kinders het daaronder gely. Die moderne tyd waarin hulle leef, met talle getuienis van die ellende van mislukte huwelike het hulle skepties gemaak om dit met 'n tradisionele huwelik te waag. Saamwoon het al meer en meer 'n aanvaarde praktyk geword. Saamwoon is 'n spontane verhouding, gebaseer op onderlinge liefde en vertroue. As die verhouding verstar en formaliseer en die sprankel verdwyn, is die opsie nog oop om sonder al die wetlike implikasies die verhouding te beëindig en met 'n nuwe, meer opwindende verhouding te begin.

Die hipotese van hierdie ondersoek is dat daar 'n 'verhouding' tussen prediking en belydenis bestaan. Daar sal gepoog word om kortliks die vermoede 'verhouding' te bevestig, al dan nie. Indien die 'verhouding' wel bestaansreg het, word die probleemstelling van die ondersoek gefokus op die vraag na die aard van die verhouding, en die beste wyse waarop hierdie verhouding binne 'n post-moderne konteks georden kan word.

Die opmerking van Haendler, plaas meteen die aard van die proleemstelling in die kollig:

> Die Bedeutung des Bekentnisses für den Prediger und für die Predigt kann nicht von den objektiven geltenden Normen her ermessen werden. Denn sie bestimmt sich nicht durch die Tatsache, daß der Prediger dem bekenntnis seiner Kirche verpflichtet ist, sondern durch die Art, wie er dieser Verpflichtung nachkommt.
>
> (Haendler 1960:112)

Die betekenis wat in hierdie artikel aan die term 'belydenis' geheg word, sal eers kortliks bespreek word, daarna sal die tradisionele siening van hierdie 'verhouding' binne die Reformatoriese teologie belig word. Enkele kontoere van die post-moderne konteks waarbinne hierdie 'verhouding' vergestalt moet word, sal in breë lyne getrek word. Ten slotte sal gepoog word om 'n bydrae te lewer tot 'n moontlike ordening van hierdie 'verhouding'.

## 2. DIE TERM 'BELYDENIS'

Die gebruik van genoemde term vra opheldering omdat dit in teologiese omgangstaal 'n pregnante begrip is met verskillende betekenismoontlikhede wat daaraan geheg kan



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

word. Die woord kan verwys na die telkens herhalende eksistensiële daad van die belydenis van geloof deur die enkele gelowige of die geloofsgemeenskap. So 'n belydenis is 'n spontane reaksie wat ontspring daar waar die gelowige telkens weer opnuut geïnspireer word deur die verwondering oor sy of haar lewe *coram Deo*. Só 'n belydenis word nie noodwendig geverbaliseer in terme van geykte proposisies of tradisionele formulerings nie, maar dit word in elke nuwe situasie weer nuut en anders uitgespreek. Natuurlik spreek hierdie vorm van belydenis mee in die hermeneutiek van die prediking. Waarheidsgetroue prediking se hartaar is juis daar waar predikers in hulle omgang met die Bybelteks, deur die Woordgebeure heen, opnuut in relasie met God geplaas word. Só gesien is elke preek 'n persoonlike geloofsbelydenis. Dit is egter nie waarop hierdie ondersoek fokus nie.

Hierdie eksistensiële belydenis van geloof was in die geskiedenis die oervorme vir die ontstaan van belydenisse wat later in vaste proposisies in die lewe van die kerk neerslag gevind het. Wethmar (1977:25-127) gee 'n oorsig oor die ontwikkeling vanaf aanvanklike spontane geloofsbelydenisse, via sekere vaste formules tot by die onstaan van kerklike belydenisformules. Hy toon aan dat belydenisformules verskillende funksies gehad het, naamlik onder andere: kerugmaties, forensies, doksologies, liturgies, apologeties, polemies en ekumenies (Wethmar 1977:94-103). Die verskillende funksies van belydenisformules het die kerk telkens in nuwe situasies genoop om hierdie formules uit te brei tot geloofsbelydenisse en meer uitgebreide belydenisskrifte. In kerkwees kom al hierdie verskillende funksies van belydenisformules telkens na die oppervlakte. Ter wille van die goeie orde en dissipline moet die kerk in die uitvoering van hierdie funksies noodwendigerwys gebruikmaak van vasgeformuleerde belydenisuitsprake of proposisies.

Loader (1996:570-577) wys tereg op die gevaar dat die oorskatting van proposisies kan lei tot 'n proposisionele waarheidsopvatting. Waarheid is dan nie meer geleë in 'n intersubjektiewe verhouding nie maar in proposisies. Dit lei tot dogmavorming. Die begrip dogma het in ons spraakgebruik 'n pejoratiewe betekenis verkry en word geassosieer met houdinge soos bekrompenheid, onvryheid, onmondigheid, starheid en irrasionaliteit (Wethmar 1977:9). Binne die Rooms-Katolieke teologie het die dogmabegrip 'n juridiese karakter begin kry. Dit is 'n dogma-opvatting waarvolgens die dogma deur die kerklike leeramp 'n *iure divino* geformuleerde uitspraak is wat as sodanig dan die onfeilbare weergawe van 'n geopenbaarde waarheid sou wees. Teenoor so 'n opvatting kan geloof alleen maar formele gehoorsaamheid wees (Dreyer 1985:379). Dit is opmerklik dat die Reformatore die term dogma ook suinig gebruik het en in plaas daarvan van *doctrina* en *confessio* gepraat het. Hulle beweeg dus weg van die dogmatisme van Rome. Volgens Reformatoriese visie het die kerklike belydenisse steeds 'n onafsluitbare openheid na vore (Wethmar 1977:138).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Alhoewel die kerk dus voortdurend bewus moet wees van die gevaar van dogmatisme en 'n proposiosionele waarheidsopvatting, kan die kerk ter wille van die goeie orde en dissipline nie funksioneer sonder bepaalde parameters wat die geloof en kerklike geloofshandelinge omlyn nie. Loader (1996:581) erken ook hierdie onafwendbare verleentheid: 'Leerstellings is histories bepaalde proposisies wat wel op bepaalde tye in die verlede afgesluit is, maar vandag vir besinning en onderlinge begrip noodsaaklik is. Hieruit blyk dat proposisies onontbeerlik vir die teologie is'. Die kerklike belydenisskrifte vervul hierdie funksie.

As daar dus in hierdie ondersoek na 'belydenis' verwys word, word daarmee bedoel die *corpus* van kerklike belydenisgeskrifte soos geïdentifiseer in die kerkordes van die verskillende kerke. Die vraag is dus wat die verhouding van die prediking tot hierdie *corpus* van amptelike belydenisgeskrifte is.

## 3. DIE TRADISIONELE 'VERHOUDING'

Wethmar (1977:127-138) toon oortuigend aan dat die kerklike dogma vir die Reformatore nie primêr 'n wetlike funksie vervul het nie, maar wel geestelik. Die dogma se bindende gesag word ook nie ontleen aan die onfeilbaarheid van die instansie wat dit uitvaardig nie, maar aan die feit dat dit die konkretisering is van die ontmoeting met God deur sy Woord en Gees. Kerklike dogma het daarom volgens Reformatoriese visie steeds 'n onafsluitbare openheid na vore. Vir sowel Luther as Calvyn staan dogma en eksegese in 'n merkwaardige verhouding van wederkerigheid. 'n Dogma word pas erken as dit in die Skrif gegrond is, maar omgekeerd dien die kerklike dogma weer as 'n soort reël vir die eksegese. Dit alles geskied ter wille van die prediking en die kategese van die kerk. Die verhouding van *norma normans* en *norma normata* dui die onderskeid in gesag tussen Skrif en belydenisgeskrifte aan.

> Dit blyk dus dat die dogma in Reformatoriese sin gekenmerk word deur sowel 'n afgeslotenheid as 'n voorlopigheid. Tewens word dit duidelik dat die morfologiese integraliteit van die dogmatiese uitspraak wat in die voorreformatoriese kerk en teologie verlore gegaan het, nou weer herstel word omdat die dogma tans nie meer in hoofsaak 'n aangeleentheid van die skool en die regsaal is nie, maar as uitdrukking van die klaarheid van die Skrif gaan funksioneer in die konkrete situasie *coram Deo*.
>
> (Wethmar 1977:138)

Dit is daarom in die lig hiervan te verstane dat Calvyn in 1537 geweier het om die drie ekumeniese simbole te onderteken as formele bewys van regsinnigheid. Hy het dit



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

preken, die in haar midden gehouden worden, met de belijdenis overeenstemmen'. Beide genoemde outeurs hou die moontlikheid oop dat eksegetiese resultate die belydenis mag bevraagteken, maar dat die wyse waarop dit beredeneer word, die weg van die kerklike gravamen is en nie in die prediking mag geskied nie.

Hierdie bindende aard van die verhouding word in latere aksente binne die Reformatoriese tradisie met fynere nuansering en verskillende aksente gelê. Dit is asof 'n mens iets bemerk van 'n poging om los te kom van 'n legalistiese, formalistiese binding. Grosheide (1929:40-50), stel dit enersyds onomwonde dat die prediker gebind is aan kerklike belydenisgeskrifte omdat hy hom in sy toelating tot die bediening vrywillig vereenselwig het met die kerklike verstaan van die Skrif. Andersyds, pleit hy tog vir die vryheid van die eksegeet wat in gehoorsaamheid moet luister na die Heilige Skrif en nie deur die belydenis by voorbaat gebonde moet wees nie. Die prediking is egter nie die weg waarlangs die kerklike leer bevraagteken moet word nie, maar wel die gravamen. Karl Barth (1966:47-50) lê in sy homiletiek ook klem op die belydenisgebondenheid van die prediking, maar as term gebruik hy die begrip 'Bekenntnismäßigkeit'. Hierdie terminologie dui nie soseer op 'n slaafse gebondenheid nie, maar op die akte van verantwoording teenoor die kerklike simbole wat op die persoon van die prediker 'n aanspraak maak. Trillhaas (1935:32) gebruik ook dieselfde terminologie as hy stel dat die prediking 'bekenntnismäßig, d.h. kirchlich sein'. Hierdie funksie van die belydenis kom volgens hom nie ter sprake by die eksegese van die teks nie, maar in die gerigtheid van die prediking op die gemeente waarin die prediker hom of haar rekenskap moet gee van sy of haar Skrifverstaan, maar ook van die gemeente se selfverstaan. Fendt (1970:56), praat op sy beurt weer van die konfessionele 'Einschlag' van die prediking. Vir hom beteken dit dat predikers nie na die Bybel gestuur word sonder hulp nie, maar die hulp van die Reformasie word hulle in die belydenisskrifte aangebied. Die prediker kan op die skouers van die Reformasie staan wanner die Bybel gelees word.

Meer resente outeurs soos Bohren (1980) en Otto (1970) behandel nie meer die probleem van die verhouding van die prediking met die belydenisskrifte nie. Kiesow (1980:254) is van mening dat dit toegeskryf kan word aan die feit dat daar 'n beslissende wending gekom het wat die fokus verskuif het vanaf die binding aan die tradisie na die problematiek van die hede.

Uit hierdie kort oorsig word dit duidelik dat, alhoewel die binding van die 'huwelik' aanvaar word, daar in die ontwikkeling van die verhouding weggeskram word van 'n slaafse binding en meer klem gelê word op die wesenlike aard van die verhouding. Hierdie wesenlike aard roep predikers voortdurend op om hulle in die prediking te vergewis van hulle historiese wortels en die teologiese vooronderstellings van hulle eksistensie. Müller (1980:501), beskryf hierdie verhouding in terme van 'n etiese opdrag en beslissing waarvoor die prediker telkens te staan kom.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gedoen omdat hy geweier het om die kerklike belydenis as tirannieke wet te laat funksioneer (Koopmans 1938:39). Die gesag van die kerklike leer in Reformatoriese sin van die woord, geld langs die hermeneutiese weg van die uitleg.

Wethmar (1977:138-142) dui in sy navorsing aan dat hierdie morfologiese integraliteit van die dogmatiese uitspraak egter weer spoedig in gedrang gekom het en daartoe gelei het dat kerklike belydenisgeskrifte 'n leeraangeleentheid geword het. Die evangeliese karakter van die heil is omgebuig in die rigting van 'n legalistiese opvatting, waar die Skrif gebruik is as *dicta probantia* om leeruitsprake te begrond.

Die invloed van 'n legalistiese opvatting van die kerklike belydenis, as die suiwere leer wat objektiewe waarhede bevat, vind kerkregtelik neerslag in die ondertekening van die belydenisskrifte as voorwaarde tot die evangeliebediening. Dit is duidelik dat die ondertekening van die belydenisskrifte vanuit 'n legalistiese perspektief gerig was op die handhawing van die suiwerheid van die leer. Pont (1981:202) verbind daarom, in 'n kerkregtelike beredenering vanuit die vroegste kerkordelike reëlings binne die Refromatoriese tradisie, die ondertekening van die belydenisskrifte met die kerklike tug, met die oog op die handhawing van die suiwerheid van die leer wat die predikant moet verkondig.

Die spontane liefdesverhouding waarin die prediking, as kontinuering van vorige leifdesverklarings (geloofsbelydenisse), opnuut telkens 'n belydenis was van hierdie lewe *coram Deo*, het binne die Gereformeerde kerkordes en homiletiese werke 'n formele karakter en legalistiese aard begin aanneem. 'n Wettige huwelik is gesluit met afdwingbare wettige gesag. Hoekstra formuleer hierdie 'binding' soos volg:

> Ten eerste moet de verklaring van den tekst in overeenstemming zijn met de Belijdenis der kerk. De dienaar verklaart bij de aanvaarding van zijn ambt dat de Belijdenis conform het Woord Gods is en hij niets zal leeren in strijd met de belijdenisschriften der kerken. Als man, als christen, heeft hij zich aan deze belofte te houden, de ouderlingen zijn verplicht toe te zien dat de dienaar des Woord niets verkondigt in strijd met de Belijdenis, de gemeente heeft recht op trouw aan haar Belijdenis.
>
> (Hoekstra 1975:296)

Die dwingende gesag van die belydenis en die eise wat dit aan die predikant stel, spreek hier vanself. Hier skemer die gevaar reeds deur dat die dwingende gesag van die belydenis die eksegese van die Skrif as *norma normans*, aan bande begin lê. Dijk (1955:111), alhoewel meer versigtig in sy formulering, beklemtoon ook hierdie formele binding van die prediking aan die belydenis omdat '...de gemeente mag eisen, dat de



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Hierdie verskuiwing wat besig is om plaas te vind, het reeds in mindere of meerdere mate effek gehad op die 'spreken en preken' van die kerk (Dingemans 1996:123-133). Hy is van mening dat 'n mens in die Homiletiek alreeds tendense bemerk van 'n verskuiwing van die tradisionele betogende preekwyse na 'n meer verhalende prediking. In die Dogmatiek en Homiletiek het veral die logika en die argument voorop gestaan, maar dit word steeds duideliker dat dit nie meer die deurslaggewende metodes is nie. Tradisionele dogmatiese sisteme het te maklik tekste voortydig geannekseer. Daar word steeds meer ingesien dat die Bybel nie 'n sisteem van ooreenstemmende geloofswaarhede bied nie. Die post-modernisme het in verset gekom teen 'n oorkoepelende ideologie of 'n allesomvattende metafisika.

Hierdie paar flitse vanuit die post-moderne konteks is al voldoende om aan te toon dat die slaafse binding van die prediking aan die belydenis, vanweë 'n wetlike huweliksverbinding, problematies word. Om hierdie uitdaging te aanvaar maak Dingemans (1996:125-133) die voorstel dat perspektiwistiese prediking die antwoord is. Perspektiwistiese prediking behels volgens hom die volgende:

* Preke moet begin by die vrae wat die gemeente besig hou. Daar moet nie van bo na onder nie, maar van onder na bo gepreek word.

* Preke moet eerder konsentreer op kleiner tekseenhede as om besig te wees met die totaliteit van die Skrif. Op die vierkante sentimeter van die teks gebeur dikwels meer wat vir mense herkenbaar is. Geen mens kan die geheel van alles omvat nie. Preke moet meer soek na die geheim van tekste as na 'n allesoorkoepelende verklaring.

* Miskien moet daar in die prediking minder gekonsentreer word op die metafisiese God wat in die hoogte alles in sy almag omvat, en meer gefokus word op die God-met-ons, as die geheim in en agter alles.

* Post-moderne filosowe leer ons dat daar geen vaste betekenis is nie, of dat hoorders self die betekenis van tekste bepaal. In beide gevalle moet die hoorders die moontlikheid en ruimte kry om self 'n relasie met die Bybelteks tydens die preek op te bou.

* Predikers moet nie outoritêr hulle eie mening weergee nie, maar as die wyse waarop hulle probeer het om helderheid en sekerheid te kry. Dit vra van predikante 'n buigbaarheid en die gawe van toleransie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## 4. KONTOERE VAN DIE POST-MODERNE KONTEKS

In sy omskrywing van die post-moderne konteks waarbinne die prediking sig moet voltrek, wys Dingemans (1996:120) daarop dat die prediking sedert Descartes verword het tot die uiteensetting van 'n dogmatiese sisteem. Op die voetspoor van die argumentetiewe logika en die retoriek is die prediking in Nederland, binne die Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerke, oorheers deur sluitende sisteme en rasionele samehang. Die sisteemdwang het nie slegs die prediking bymekaar gehou nie, maar het in wese ook die struktuur van die gemeente bepaal. Die suiwerheid van die leer van predikante word beoordeel aan die hand van dogmatiese sisteme. Hy som die probleem in die huidige konteks soos volg op:

> En nu is die systeemdwang plotseling weggevallen. Er verschijnen geen normatieve dogmatieke meer. Theologische en ideologische systemen zijn als ontologische structuren verschrompeld tot hun dagwaarde. Niet alleen het kolonialisme, het communisme, het socialisme, het idealisme en de apartheidspolitiek, maar ook de kerklijke instituten en het christendom-als-sluitend-systeem zijn op de schroothoop van de geschiedenis terecht gekomen. En nu is de vraag: wat is het christelijk geloof tog waard, nu de ondersteunende context van de ontologie van het modernisme dreigt weg te vallen? Kan men nog preken in een post-moderne context?
>
> (Dingemans 1996:120-121)

Onderliggend aan hierdie veranderinge is 'n paradigmaskuif wat besig is om sig te voltrek. Binne die moderniteit het die positivisme gelei tot 'n rasionaliteit wat saamhang met die neutrale objektiwiteitsideaal. In fundamentalistiese teologiese benaderings word die Skrif gesien as 'n bron van objektiewe waarhede (Pieterse 1993:57). Objektiwiteit, sekerheid en gesag speel hier 'n groot rol. Watter metode ook al gebruik word vir die analise van Bybeltekste maak nie eintlik 'n verskil nie, omdat die resultate binne 'n sekerheidsraamwerk geïnterpreteer word (Deist 1992:72). Pieterse (1993:53-98) toon die ontwikkeling binne 'n wetenskapsteoretiese perspektief aan wat aanleiding gegee het tot die post-moderne werklikheidsverstaan wat klem lê op 'n intersubjektiewe en interpretatiewe hermeneutiese benadering. Vos (1996b:2-3) dui ook aan dat die begrip 'hermeneutiek' vroeër klem gelê het op die 'wat' van die verstaan. In 'n post-moderne-konteks moet die term 'hermeneutiek' in 'n omvattende sin verstaan word, wat met al die tersaaklike kontekste te doen het, óók met die van die wêreld voor die teks. Die hermeneutiese sirkel is veel wyer as bloot net die Bybelteks en die belydenisgeskrifte.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Hierdie vereistes wat die post-moderne konteks aan die prediking stel, kan dadelik die indruk wek dat daar geen vastigheid in die verhouding tussen prediking en belydenis meer moontlik is nie. Die verhouding het verander van 'n vaste huweliksverhouding na 'n 'saamwoon' of 'vrye liefde' waarin alle opsies oopgehou word en die bindende, permanente karakter net nie meer houdbaar is nie.

## 5. ORDENING VAN DIE 'NUWE VERHOUDING'

Indien die metafoor van 'saamwoon' verder van toepassing gemaak word op die verhouding tussen prediking en belydenis, is daar nogal merkbare ooreenkomste ten opsigte van die aard van die verhouding, asook die gevare wat dit kan inhou. 'Saamwoon is gebaseer op die beginsel van persoonlike vryheid, ongebondenheid, onafhanklikheid en tydelikheid' (Louw 1983:161). So 'n losse verhouding bied skynbaar aan predikers die ruimte en bewegingsvryheid om die eise van die post-moderniteit te akkommodeer, sonder die vrees dat hulle kerkregtelik blootgestel word aan handelinge onder die opsig en tug. In so 'n losse verhouding is die tradisionele ondertekening van die proponentsondertekeningsformule, of die ondertekening van die belydenisskrifte uitgedien. Hier geld slegs die veronderstelling dat die prediker 'n spontane liefdesverhouding met die kerklike belydenis het, sonder dat dit wetlike implikasies het. Die trauma van 'n juridiese proses wat lei tot 'n amptelike egskeiding, word sodoende afgeweer.

Die praktyk het egter bewys dat ontrouheid of skeiding in 'n saamwoon-verhouding nie minder traumaties is nie. Die vlak van intimiteit verskil nie, daarom is die rou en emosionele pyn nie minder nie, maar dit word vererger omdat die partye weerloos is en regtens geen beskerming geniet nie. Regsgedinge op grond van troubreuk en die verlies aan 'n gesamentlike boedel, gebaseer op die aanwasbeginsel, is al met sukses geïnisieer (Louw 1983:160). Al is daar nie 'n wetlike verbinding nie, kan 'n mens dus nooit loskom van die feit dat die verhouding van 'saamwoon' bepaalde verantwoordelikhede op die partye plaas nie — verantwoordelikhede wat jy nie na willekeur kan afskud nie. As saamwoon nie 'n oplossing bied nie, moet die huwelik aantrekliker gemaak word, sodat mense in hierdie komplekse situasie beter getroud kan bly.

In die lig hiervan kan die stelling ook gemaak word dat prediking nooit sonder 'n verhouding met die belydenis tot volle reg kan kom nie. Vos (1996a:129-133), is van oortuiging dat, alhoewel die woord 'belydenis' 'n slegte naam gekry het as gevolg van ketterjagtery wat daardeur op tou gesit is, kan die band tussen preek en belydenis nooit losgemaak word nie. Prediking vind nooit in 'n leë ruimte plaas nie, maar binne 'n bepaalde geloofsgemeenskap. In die ruimte van 'n geloofsgemeenskap is 'n belydenis onontbeerlik vir 'n preek. 'n Geloofsgemeenskap kan nie sonder belydenisse klaarkom



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

nie. 'n Geloofsgemeenskap leef van en versamel belydenisse. 'Die belydenis het 'n spieëlfunksie in die sin dat die eiendomlike van die bepaalde geloofsgemeenskap aan die lig kom. 'n Geloofsgemeenskap se spirituele aard word ook deur die belydenis onthul' (Vos 1996a:132).

Navorsers beklemtoon dat hierdie verhouding, selfs wanneer die eise van die postmoderniteit in berekening gebring word, nie genegeer kan word nie. Dingemans (1991:32) is van mening dat die ervaring van hoorders van vandag, die getuienis van die Skrif, die interpretasie daarvan in die geloofstradisie en die toekomstige volheid wat ons verwag, in 'n sirkulêre verhouding tot mekaar staan. Volgens hom moet die onderskeid gehandhaaf word tussen die primêre bron, naamlik die Skrif (*norma normans*), die sekondêre afgeleide kerklike interpretasie daarvan (*norma normata*) en die geloofservaring van gelowiges. Koekemoer (1991:195), lê daarop klem dat die vooronderstellings van die interpreteerder van die teks deur sy of haar tradisie gevorm word en dit vorm weer die kontakpunt tussen die interpreteerder en die teks uit die verlede. Die interpreteerder se dogmatiese vooronderstellings is in hom of haar ingegraveer deur die gemeente waarvan hy of sy deel is. Dit wil nie sê dat sulke vooronderstellings sonder korreksie funksioneer nie. Die erkenning daarvan en die openheid van die teks maak korreksie juis moontlik. Die interpreteerder is nooit 'n geïsoleerde en outonome figuur nie, maar 'n deelgenoot aan 'n voortgaande tradisieproses wat met 'n konkrete historiese gemeente saamgaan.

Greidanus (1988:105) stel 'n verdere perspektief op hierdie verhouding as hy tereg sê dat predikers in hulle teologiese interpretasie van die Skrif binne kerklike verband reeds aanvaar het dat die kerk die Bybel as kanon vir geloof en kerklike praktyk in die kerk se belydenis vasgestel het, daarom sal hulle ook in hulle metode van interpretasie rekening moet hou met die belydenis van daardie geloofsgemeenskap. Ten spyte van verskillende verstaansmoontlikhede, het tekste tog ook 'n min of meer afgebakende betekenisruimte. Hierdie betekenisruimte word vakkundig-eksegeties, maar ook in 'n gemeenskaplike diskoers van gelowiges onderling vasgestel. Daar is dus 'n grens aan die interpretasieruimte. As konsekwensie hiervan geld dat daar 'n deskundige uitlegger nodig is wat die moontlikhede, maar ook die grense van die interpretasie moet aandui. Omdat tekste altyd uitgelê word in 'n interpretasiegemeenskap (in hierdie geval die kerk), is daar ook 'n duidelike omgrensing vanuit die tradisie van die geloofsgemeenskap. Die predikant praat nie slegs as deskundige uitlegger nie, maar ook as representant van die geloofsgemeenskap (Dingemans 1996:130). Die prediking is nie 'n monotone spreke nie, maar 'n meerklankige (polifone) stem in die woorde en belydenisse van die broers en susters van die geloofsgemeenskap (Celliers 1996:130).

Selfs binne die kompleksitiet van die huidige konteks kan die prediking dus nooit losgemaak word van die intieme verhouding en interaksie tussen die prediking en die belydenis nie. Prediking word gerig aan 'n bepaalde geloofsgemeenskap wat hulle



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

identiteit vind binne 'n bepaalde geloofstradisie. Die prediker kan hom of haar nie van hierdie tradisie losmaak nie, dan is hy of sy 'n *Fremdtkörper* binne die gemeenskap aan wie hy of sy die evangelie moet verkondig. 'n Blote 'saamwoon-verhouding' is nie bevredigend nie, omdat dit die regte van die geloofsgemeenskap wat die prediker die opdrag gee om in hulle midde die Woord te verkondig, nie voldoende beskerm nie. Binne so 'n losse verhouding sou dit 'n traumatiese ervaring vir gemeentes wees indien predikers troubreuk pleeg, terwyl daar geen wetlike gronde is waarop gemeentes hulle kan beroep om hulle regte en identiteit te beskerm nie.

'n Bevredigende ordereëling is dus onvermydelik. Dit het duidelik geblyk dat die ou opvatting van die huwelik tussen prediking en belydenis, gebaseer was op die patriargale huweliksbeskouing. Die gesag en hoofskap van die man (in hierdie geval die kerklike belydenis), is met outoriteit afgedwing. Die vrou as die ondergeskikte party het feitlik geen seggenskap gehad nie en moes bloot diensbaar wees aan die hoof. Daar is tans 'n verskuiwing vanaf die patriargale na die vennootskaphuwelik besig om plaas te vind. Binne die venootskapshuwelik is man en vrou gelykwaardige vennote. Die gelykwaardigheid beteken dat funksies en pligte uitgebalanseer word (Louw 1983a:16). Erkenning word gegee en ruimte gebied om die bydrae van elke vennoot tot sy of haar reg te laat kom, sodat die verhouding bevoordeel kan word. So 'n vennootskapshuwelik moet voortdurend groei en ontwikkel na volwassenheid. Dit vra van beide vennote 'n gesindheid van diensbaarheid, aanpassing en aanvaarding. Beide vennote moet bereid wees om telkens hulle huwelik te evalueer en nuwe patrone te ontwerp ten einde nuwe situasies te hanteer, tot voordeel van die verhouding. So 'n huwelik is nie veeleisend op grond van regte nie, maar dienend op grond van verantwoordelikhede. Die geheim van so 'n verhouding is geleë in voortdurende kommunikasie wat gekenmerk word deur die bereidheid om na mekaar te luister. So 'n huwelik kan nooit verstar in geykte patrone nie, maar sal groei en ontwikkel soos wat nuwe uitdagings en situasies hulle voordoen (Louw 1983b:29-33). Miskien lê die antwoord op die problematiek van die verhouding tussen prediking en belydenis juis daarin, dat daar in stede van die riskante 'saamwoon', weë gesoek moet word om die verhouding te reël binne 'n volwasse vennootskaphuwelik met groeipotensiaal.

### 5.1 'n Volwasse vennootskaphuwelik

Die dringende vraag wat beantwoord moet word, is wat die aard en karakter van die verhouding tussen prediking en belydenis in 'n post-moderne konteks behoort te wees?

Haendler (1960:113-117), beskryf drie moontlike posisionerings. Eerstens kan die belydenis beskou word as die adekwate uitdrukking van 'n persoon of gemeenskap se geloofsoortuigings. Die gevare wat daaraan verbind is, is dat die gerigtheid op die huidige vraagstelling uit die oog verloor word. Daar word vanuit die vraagstelling en



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gedagtewêreld van die sestiende eeu gedink. Dan word bloot gereproduseer met die gevolglike verlies van aktualiteit en lewendigheid van die belydenis in die hede. Dit laat eintlik geen vryheid aan die eksegeet en prediker om vanuit die hedendaagse vraagstellings teologies te reflekteer nie.

'n Tweede mootlikheid is dat die belydenis as grens gesien word waardeur die eie kerklike oortuiging afgegrens word teenoor ander denominasies. Die belydenis het wel ook 'n afgrensende funksie, maar as afgrensing byvoorbaat die vertrekpunt is, word dit negatief en teenproduktief. Sodoende verloor die kerk die kenmerk van katolisiteit. Vraagstellings vanuit ander teologiese oorde moet gehoor en geweeg word. Dit help mee tot 'n kritiese kyk na eie formulerings en lei dikwels tot beter en helderder spreke.

'n Derde moontlikheid is om die belydenis as vrae te sien. Vrae waarop mense in bepaalde situasie op 'n sekere wyse eksistensieel geantwoord het. Hierdie vrae en die manier waarop dit beantwoord is, lei ons om opnuut vanuit ons vraagstelling met die antwoorde van die belydenis in 'n lewende verhouding om te gaan en tot nuwe antwoorde te kom.

> Denn das eigentlich Wirksame in der Verkündigung is nicht die Lehre, sondern der Glaube, nicht also derjenige Ausdruck kirchlicher Erkenntnis, der von der Kirche in objektiven Vertrauen Übernommen wird, sondern der, der in echter Verbindung mit dem gelebten und erfahrenen Glauben steht. Im Grunde wirkt nicht die 'Voll' gläubigkeit, sondern die Dynamik und der prozeß der verwirklichung im Leben
>
> (Haendler 1960:120)

Uit hierdie opmerking kom dit al duidelik na vore dat die belydenis nie 'n preskriptiewe funksie het nie, maar dat dit wel binne die hermeneutiese sirkel van die worsteling met die teks in dialoog met die veelstemmige Christelike tradisie en die konkrete raam van die teenswoordige situsie geplaas word (Vos 1994:54). Predikers kan nie sonder enige vooronderstellings na die teks toe gaan nie, omdat hulle hulleself nooit kan losmaak van hulle eie tradisie nie. As die vooronderstellings egter kritieklose voorwaarde van verstaan word, kry die belydenis 'n preskriptiewe funksie. 'n *Voraussetzunglosigkeit* kan nie tydens die verstaansproses vermy word nie, maar 'n *Vorurteilslosigkeit* kan wel vermy word (Jonker 1973:119). Predikers is in eerste instansie dienaars van die Woord en nie dienaars van die belydenis nie, maar as gelegitimeerdes erken hulle die belydenis as spreekreël van die verkondiging. Binne die Reformatoriese tradisie is op verskillende maniere gepoog om die voorrangposisie van die Skrif te verskans met die toekenning van primêre en sekondêre gesag wat onderskeidelik geld.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Maar in 'n kerk wat 'n belydenis het, en waar die belydenis funksioneer as aanduiding van die parameters waarbinne die prediking en teologie sal beweeg, kan dit nie anders as dat hierdie bevinding terselfdertyd vanuit die belydenis beoordeel en getoets sal word nie! Dit wil dus voorkom asof die toekenning van primêre en sekondêre gesag grotendeels 'n akademiese kwessie is — 'n teoretiese saak. In werklikheid sit die kerk in die praktyk vasgevang in 'n denksirkel waaruit nie losgebreek kan word nie, sonder om na een of ander kant iets prys te gee wat die kerk nie wil of kan, sonder om die kerk se wese in gevaar te stel nie (Velthuysen 1985:371).

Die oplossing van die dilemma lê myns insiens in 'n volwasse vennootskapverhouding, waar daar ruimte is vir dialoog en wedersydse aanvulling. Die belydenis van die kerk moet erkenning geniet as gespreksgenoot, maar as gespreksgenoot met beperkings en 'n eie persoonlikheid. Die beperkings is daarin geleë dat dit antwoorde op sekere vrae probeer gee, maar dan moet terselfdertyd toegegee word dat alle vrae nie daardeur beantwoord word nie. Predikers sal vanuit hulle eksegese en 'n vraagstelling gebore uit die eksistensiële geloofservaring in 'n nuwe situasie, ook ander vrae stel waaroor opnuut saam gedink moet word. Indien die belydenis op sekere vrae antwoord, sal die antwoord altyd gekleur word deur die persoonlikheid van die belydenis. Die historiese konteks van die belydenis, asook die denkraamwerke van die bepaalde tyd het die antwoorde help vorm. In hierdie dialoog sal ou antwoorde in die prediking nuut geformuleer moet word. Juis deur die erkenning van die uniekheid van elke gespreksgenoot en die openheid tot dialoog binne die hermeneutiese sirkel kan daar wedersydse aanvulling en groei na vore tree. Die gesprek kan egter net vorder as daar geen onduidelikheid is oor wedersydse trou en integriteit nie. So kom spontane liefdesverklarings weer telkens na vore. 'n Prediker wat gebore en getoë is binne 'n bepaalde geloofstradisie sal daardie tradisie koester. Hierdie koestering beteken nie kritieklose aanvaarding nie, maar om in solidariteit en liefde dit telkens krities te weeg en die goeie gebruik om verder daarop te bou. So 'n spontane liefdesband skep die vrymoedigheid om die formele binding van die verhouding te erken met die ondertekening van die proponentsondertekeningsformule. Hierdie binding word dan nie as dwang beleef nie, maar bied juis sekuriteit en versterk identiteit. Dat daar in 'n verhouding verskille sal ontstaan is deel van 'n volwasse huwelik. Die aard van die verhouding dwing 'n mens egter om nie die verskil 'n geskil te maak wat in die openbaar (vanaf die preekstoel) verkondig word nie. Wedersydse respek en liefde lei tot gesprekvoering en die soek na alternatiewe oplossings. So word die verhouding telkens weer verdiep.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### 5.2 Toespitsing op die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA)

Gesien in die lig van die feit dat hierdie ondersoek deel uitmaak van 'n navorsingsprojek van die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria, word die gevolgtrekkings van die ondersoek toegespits op die situasie binne die NHKA.

Die funksie en plek van die kerklike belydenisskrifte het tydens die 64ste Algemene Kerkvergadering onder die soeklig gekom. Enkele besluit wat geneem is, het betrekking op die onderwerp. Die besluite dui daarop dat die Hervormde Kerk terdeë besef dat die inhoud van die belydenisgeskrifte nie as onveranderlike geloofsproposisies geld wat in elke situasie net so afdwingbaar is nie. 'Die Kerk is bewus van die verantwoordelikheid en uitdaging om in sy teologiebeoefening die belydenisskrifte van die Kerk in elke nuwe konteks hermeneuties te vertolk en te verwoord' (NHKA 1995:328). Tegelyk word dit egter beklemtoon dat alhoewel die teks en die vorm van die belydenisskrifte histories gebonde is, is die wesenlike sake wat verwoord word, nog steeds vir die Hervormde Kerk van kardinale belang. Daarom bevestig die Hervormde Kerk opnuut dat '... predikante en lidmate in hulle dienswerk hulle steeds gebonde sal ag aan die belydenisskrifte van die Kerk ... die belydenisskrifte steeds onverkort as riglyn vir die prediking sal dien' (NHKA 1995:328).

Die Kerk wil dus steeds hierdie verhouding handhaaf, maar nie as objektiewe en preskriptiewe norm vir die prediking nie. Die belydenisskrifte word juis ingetrek in die hermeneutiese sirkel. 'n Klimaat van openlike gesprekvoering oor die belydenisskrifte word verder geskep met die besluit om 'n *Raad vir Kerk en Teologie* in die lewe te roep '... om 'n oorkoepelende teologiese gespreksforum te skep om die gesprek oor Skrif en en belydenis te stimuleer ...' (NHKA 1995:328). Die besluite maak ook verder daarvoor voorsiening dat die besinning oor die belydenisgeskrifte tydens elke Algemene Kerkvergadering op die agenda geplaas moet word. Studiekommissies word opgedra om die moontlikhede van nuwe belydenisskrifte te ondersoek; die proponentsondertekeningsformule moet opnuut ondersoek word; verskille oor die interpretasie van die belydenisgeskrifte moet op die agenda van die vergadering geplaas word (NHKA 1995: 326-331). In voorstelle wat voorberei is vir die volgende Algemene Kerkvergadering in verband met die proponentsondertekeningsformule, word daar onder andere voorgestel dat die formule soos volg moet lui:

> Ek die ondertekenaar, verklaar hiermee dat ek die leer wat uitgedruk is in die formuliere van eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dortse Leerreëls van harte onderskryf en dat ek vas oortuig is en glo dat dit in ooreenstemming is met



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

die Woord van God. In my verkondiging sal ek my deur hierdie leer laat lei as my eie oortuiging ...

(NHKA 1997:3)

Hierdie enkele besluite toon genoegsaam aan dat die Hervormde Kerk die prediking steeds wil bind aan die kerk se geloofstradisie en by name aan die belydenisskrifte. Hierdie geskrifte geld egter nie as objektiewe waarhede nie maar die leer wat daarin vervat is, moet steeds hermeneuties in elke nuwe situasie vertolk word. Voldoende gespreksruimte word geskep om binne eietydse konteks te groei tot nuwe formulerings. Terselfdertyd word die binding nie bloot beskou as 'n formeel-juridiese binding nie, maar as 'n eie geloofsoortuiging.

## 6. GEVOLGTREKKING

Die verhouding, soos in die hipotese gestel, geld nog steeds. Die post-moderne konteks vereis dat die aard van die verhouding nuut omskryf en ge-orden moet word. Na analogie van die metafoor van 'n 'volwasse vennootskaphuwelik', kan hierdie verhouding op 'n gesonde basis geplaas word. Binne die raamwerk van wedersydse vertroue kan daar 'n hermeneutiese gespreksruimte geskep word. 'n Lewende en dinamiese verhouding kan groei bevorder en relevante, deurleefde antwoorde bied op die eise van die tyd. Die aandrang op 'n 'saamwoon'-verhouding bied geen oplossing nie, omdat dit chaos, bandeloosheid en traumatiese verwarring bring. 'n Wegskram om die spontane liefdesverhouding binne wetlike bane te orden, is slegs die bewys daarvan dat daar eintlik geen egtheid en diepte in die verhouding bestaan nie.

## Literatuurverwwysings

Barth, K 1966. *Homiletik.* Zürich: EVZ.

Bohren, R 1980. *Predigtlehre.* München: Kaiser.

Celliers, J 1996. *Die uitwissing van God op die kansel.* Kaapstad: Lux Verbi.

Deist, F E 1992. *Wetenskapsteorie en vakmetodologie in Bybelwetenskaplike navorsing in Suid-Afrika: Samevattende verslag.* Pretoria: RGN.

Dreyer, T F J 1985. Die dogmatiese binding van die prediking. *HTS* 41, 378-386.

Fendt, L 1970. *Homiletik.* 2 Aufl. Berlin: Walter de Gruyter.

Dingemans, G J 1996. Preken in een post-moderne context, in Nel, N (red), *Prediking: Kommunikasie in konteks*, 117-134. Pretoria: Makro Boeke.

Greidanus, S 1988. *The modern preacher and the ancient text.* Grand Rapids: Eerdmans.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Grosheide, F W 1929. *Hermeneutiek ten dienste van de bestudering van het Nieuwe Testament*. Amsterdam: Bottenburg.

Haendler, O 1960. *Die Predigt: Tiefenpsychologische Grundlagen und Grundfragen.* 3 Verl. Berlin: Alfred Töpelman.

Hoekstra, T 1975. *Gereformeerde Homiletiek.* Derde druk. Amsterdam: Bolland.

Jonker, H 1973. *En toch preken*. Nijkerk: Callenbach.

Kiesow, E 1980. Welche Bedeutung hat das kirchliche Bekenntnis für die Arbeit an der Predigt? *Theologische Literaturzeitung* 105, 254-258.

Koekemoer, J H 1991. Die betekenis van die kerklike dogma. *HTS* 47, 186-196.

Koopmans, J 1938. *Het oudkekrlijke dogma in de reformatie, bepaaldelijk bij Calvijn.* Wageningen: Bolland.

Loader, J A 1996. 'n Hervormde tradisie as heelmiddel. *HTS* 52, 566-589.

Louw, D J 1983a. *Versoening in die huwelik.* Pretoria: Butterworth.

——— 1983b. *Die volwasse huwelik.* Pretoria: Butterworth.

Pieterse, H J C 1993. *Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingsteorie.* Pretoria: RGN.

Müller, H M 1980. Bindung und Freiheit kirchlicher Lehre. *Zeitschrift für Theologie und Kirche* 77, 479-501.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1995. Algemene Kerkvergadering 1995. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1995. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

——— 1997. Kerkorde. Derde konsep. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Otto, G 1970. *Praktisch-Theologische Handbuch.* Hamburg: Kaiser.

Pont, A D 1981. *Die historiese agtergronde van ons kerklik reg*, Band 1. Pretoria: HAUM.

Trillhaas, W 1964. *Evangelische Predigtlehre.* 5 Aufl. München: Kaiser.

Vos, C J A 1994. Dansmaats: dogmatiek/etiek en homiletiek. *Skrif en Kerk* 15, 52-64.

——— 1996a. *Die volheid daarvan, I.* Pretoria: RGN.

——— 1996b. *Die volheid daarvan, II.* Pretoria: RGN.

Wethmar, C J 1977. *Dogma en verstaanshorison.* Amsterdam: Rodopi.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services